LAERSKOOL BRITS

Posbus 54
Brits
0250

Wichtstraat 2, Brits, 0250

012 252 3317/3392
012 252 1676
www.lsbrits.co.za

britsadmin@lsbrits.co.za
finansies@lsbrits.co.za

COVID-19 BELEID EN RIGLYNE VIR PERSONEEL EN LEERDERS

Inhoud

1. ALGEMEEN 2
1.1. Agtergrond 2
1.2. Ventilasie 2
1.3. Simptome van Covid-19 2
2. VOORKOMING VAN COVID-19 3
3. PROSEDURE: REAKSIE OP COVID-19 BINNE SKOOLGEMEENSKAP 5
4. KONTAK 5
4.1. Definisies 5
4.2. Protokol 5
5. MOONTLIKE VOORBEELDE 6
5.1. Moontlikheid 1 : Moontlike/beweerde COVID-19 geval 6
5.2. Moontlikheid 2 : Bevestigde COVID-19 7
5.3. Moontlikheid 3: Groepsgevalle van bevestigde COVID-19 8
5.4. Moontlikheid 4: Sekondêre kontak – lae risiko 9
5.5. Moontlikheid 5: Kontak 9
6. STAPPE 10
LEERDERS 10
6.1. Bevestigde COVID-19 van 'n leerder: 10
6.2. Blootstelling aan 'n moontlike COVID-19 geval 10
6.3. Blootstelling aan 'n bevestigde geval van COVID-19 11
PERSONEEL 11
6.4. Bevestigde COVID-19 van 'n personeellid: 11
6.5. Blootstelling aan 'n bevestigde geval van COVID-19 12
7. BESLUIT TOT SLUITING VAN SKOOL & RELEVANTE PROSEDURES 12
7.1. Wanneer sal die skool gesluit word? 12
8. TERUGKEER NA WERK 14
9. PERSONEELLID OF LEERDER WAT INGEËNT IS 14
10. VERKORTING VAN ISOLASIE TYDPERK 14
11. LAERSKOOL BRITS COVID-19 GESONDHEIDS- & VEILIGHEIDSBEAMPTES: 14
12. VERWYSINGS 15

1. ALGEMEEN

1.1. Agtergrond

Die doel van hierdie beleid is om Laerskool Brits ("die skool") se werkswyse in die voorkoming en bestuur van die COVID-19 virus ("COVID-19") uiteen te sit.
Dit is die skool se plig om toepaslike en genoegsame sorg aan die leerders en personeel te bied. Dit sluit alle rolspelers se veiligheid en welstand in. Die skool se COVID-19 beleid is gegrond op die Departement van Basiese Onderwys se COVID-19 riglyne en maatreëls saamgelees met die riglyne gepubliseer deur die Departement van Gesondheid en alle toepaslike wetgewing. Die in– en uitfasering van voorgeskrewe maatreëls word aangepas soos Suid-Afrika deur die vyf vlakke van die Risiko Aangepaste Strategieë, soos van tyd-tot-tyd deur die Regering aangekondig word, beweeg.

1.2. Ventilasie

- **Dit is belangrik om natuurlike ventilasie in skoolgeboue te hê** – waar moontlik moet sorg dra dat alle vensters en deure gedurende die skooldag oopgelaat word. Indien beskikbaar, kan waaiers benewens oop vensters, ook gebruik word vir lugsirkulasie.
- **Dra van maskers is VERPLIGTEND.**

1.3. Simptome van Covid-19

COVID-19 beïnvloed verskillende mense op verskillende maniere. Die meeste besmette mense sal ligte tot matige simptome kry en herstel sonder hospitalisasie.

1.3.1. Mees algemene simptome:
- Koors
- Droë hoes
- Moegheid

1.3.2. Minder algemene simptome:
- Lyfseer
- Keelseer
- Diarree
- Hoofpyn
- Verlies aan smaak of reuk
- Veluitslag of verkleuring van vingers of tone

1.3.3. Ernstige simptome:
- Probleme met asemhaling of kortasem
- Pyn/druk op die bors
- Verlies aan spraak of beweging

Onmiddellike mediese hulp moet verkry word indien ernstige simptome getoon word.

Simptome verskyn gemiddeld eers na 5 tot 6 dae vandat 'n persoon besmet is maar dit kan tot 14 dae duur voordat simptome verskyn. Bekend as die inkubasietydperk.

2. VOORKOMING VAN COVID-19

2.1. Voorsorg maatreëls

Personeel word geskeduleer om toe te sien dat leerders ten alle tye toesig het. Die konferensielokaal is gesertifiseer as isolasie vertrek indien daar tydens skoolure leerders/personeel is wat moet isoleer. Was jou hande gereeld met seep en water vir minstens 20 sekondes. Moenie met ongewaste hande aan jou gesig raak nie. Hoes of nies in 'n sneesdoekie of jou elmboog. Gooi die sneesdoekie veilig weg. Behou 'n afstand van 1 meter van ander. Bly by die huis as jy siek voel. Kontak 'n hulplyn of jou gesondheidswerker.

Die Covid-19 punt persoon is die skoolhoof in samewerking met die lede van die dagbestuur. Enige Covid-19 geval of moontlike Covid 19 gevalle moet onverwyld aan enige lid van die dagbestuur rapporteer word, die persoon wat dit rapporteer moet toesien dat die persoon met Covid-19 of vermoedelike Covid-19 intussen isoleer en/of nie skool toe kom nie. Die lid van die dagbestuur sal dit op die beurt aan die hoof rapporteer. Daarna sal daar besluit word op verdere optrede en die nodige voorsorgmaatreëls.

2.2. Prosedure wat gevolg word by die aankoms van die skool

Personeel word ingedeel om tydens aankoms die leerders by die hek te skandeer en siftings vrae aan leerders te stel.

2.3. Prosedures wat gevolg word indien die leerders klasse wissel

Geen klasse word gewissel tydens die Covid-19 pandemie nie. Dit maak die kontaksporing en handhawing van sosiale afstand makliker en meer doeltreffend.

2.4. Skoonmaak en ontsmetting van klasse

Die terreinwerkers onderleiding van die terreinbestuurder sien toe dat die klasse elke dag na afloop van die skooldag gesaniteer en ontsmet word deur spuit-toediening op die oppervlaktes van die klaskamers, kantore en nodige lokale.

2.5. Pouses

Gedurende vlak 2-5 inperking is al die personeel op terreindiens om doeltreffende sosiale afstand te handhaaf, die leerders word ook per speelarea en graad geallokeer. Gedurende vlak 1 inperking (gevolglik wanneer die risiko vir Covid-19 oordrag laer is) sal personeel geskeduleer word om toe te sien dat leerders sosiale afstand handhaaf. Algemene toesighouding vind op die speelgronde plaas met aangepaste allokasie om meer ruimte tot vrylike beweging te bied.

2.6. Kleedkamers

Kleedkamers word 2x per dag skoon gemaak en daagliks ontsmet. Terreinwerkers word geallokeer om gedurende die dag toe te sien dat kleedkamers higiënies is.

2.7. Personeelkamer

Gedurende Vlak 2-5 inperking sal groot groepe personeel in die saal vergader. Kleiner groepe personeel kan die personeelkamer wel gebruik indien hulle aan die Covid-19 vereistes voldoen.

2.8. Snoepie

Die snoepie is uitgekontrakteur en word hanteer volgens die voorgeskrewe maatreëls in die kontrak, met inagneming van die huidige maatreëls en vlak van inperking soos aangekondig deur die president van Suid-Afrika.

Items wat beskikbaar gestel moet word aan personeel en leerders.

Die hoeveelheid voorraad saniteerder, seep en ontsmettingsmiddele word deur die finansies kantoor aangekoop en gerekordeer. Die saniteerdermiddele moet daagliks opgevul word indien nodig. Leerders en onderwysers word voorsien van maskers deur die Departement van onderwys soos van tyd tot tyd aankondig. Die skool hou 'n paar ekstra maskers aan indien 'n leerder sy/haar masker vergeet of breek.

2.9. Verpligte dra maskers

Soos verwys in die begin van die dokument is die dra van maskers baie belangrik, leerders personeel en enige ander persone wat hom/haar skuldig maak hier aan kan verwys word na die SAPS vir vervolging.

2.10. Ventilasie van kantore en klaskamers

So ver moontlik moet daar goeie ventilasie in die klaskamers en vertrekke wees. Dit kan beteken dat 'n venster weerskante in 'n vertrek oop gemaak moet word. (Daar moet gelet word dat in koue tye van die jaar leerders nie in die klas blootgestel word aan omstandighede wat gunstig is om verkoue/griep op te doen nie.)

2.11. Toeganklikheid van die mediasentrum, sportsentrum, siekekamers ens.

Alle addisionele sentrums bly steeds oop te wees indien anders aangedui word en Covid-19 gesondheid maatreëls word gevolg. In terme van die Rekenaarsentrum waar leerders van tyd tot tyd blootstel word aan hoë-kontak areas sal die besluit by die skoolbestuur berus of hierdie periodes kan voortgaan.

2.12. Toeganklikheid van die kantoor vir ouers of besoekers.

Geen ouers/besoekers word toegelaat sonder 'n afspraak nie. Indien daar 'n noodgeval ontstaan wat 'n persoon noodsaak om die skool te besoek op 'n dringende basis sal dit hanteer word soos besoekers met 'n afspraak wat die Covid-19 siftings- en skandeerproses moet ondergaan.

2.13. Prosedure wat gevolg moet word indien iemand tydens skoolure simptome begin toon.

Indien 'n leerder tydens skoolure simptome begin toon moet die klasonderwyser die spesifieke persoon kontak om die leerder af te haal in plaas daarvan dat die leerder na die kantoor toe gaan. Dit sal enige moontlike blootstelling aan enige personeellede wat in die kantoor werk uitskakel.

Alle leerders moet elke dag skandeer en 'n siftingsproses deurgaan (Temperatuur moet onder 38 grade Celsius wees).

Die isolasiearea moet voorberei word om leerder(s) tydelik te isoleer (kwarantynkamer).

As 'n leerder simptome toon wat verband hou met Covid-19, moet die betrokke personeellid die leerder dadelik isoleer en die leerder 'n geleentheid gee waarna sy/haar temperatuur weer gemeet word in dien dit bo 38 was met die eerste skandering. Indien daar geen verandering in die leerder se temperatuur was nie moet die leerder isoleer deur hom/haar weg te hou van die ander leerders en personeel. Enige van die dagbestuurlede moet dadelik in kennis gestel word.

Die ouers/voog van die leerder moet onmiddellik in kennis gestel word en versoek word om die leerder af te haal.

Met die afhaal van die leerder, moet die ouer/voog inligting ontvang oor wat hy moet doen en wie om te kontak wanneer 'n leerder simptome van Covid-19 toon.

3. PROSEDURE: REAKSIE OP COVID-19 BINNE SKOOLGEMEENSKAP

Hierdie gedeelte verwys na moontlike gevalle van Covid-19 en reaksie indien enigeen in ons skoolgemeenskap (personeel, leerders, ouers of voogde) blootgestel is aan die virus. Die beleid sal voortdurend aangepas word om te strook met die bepalings van die Departement van Onderwys en ander relevante wetgewing. Dit word van alle lede van ons skoolgemeenskap verwag om nie die skool te betree indien hulle nie gesond voel nie of hulle positief getoets het vir Covid-19. Die Nasionale kwarantyn riglyne moet gevolg word indien infeksie vermoed word.

4. KONTAK

4.1. Definisies

- **Direkte kontak of hoë risiko kontak:** Enige kontak sonder 'n masker vir langer as 15 minute en nader as 1 m van 'n COVID-19 positiewe persoon of in fisiese aanraking (bv. 'n handdruk, drukkies) met 'n COVID-19 positiewe persoon.
  Direkte kontak in 'n klas word op individuele basis bepaal deur die Covid -19 Puntspersoon. Die Puntspersoon sal vas stel of daar fisiese kontak tussen die positiewe persoon en ander in die klas was en of hulle Covid-19 maatreëls (soos in die dokument vervat) gevolg het. Gevolglik word almal wat in 'n verrek was nie noodwendig geag as 'n direkte kontak nie en die kriteriums van elke geval moet op meriete oorweeg word deur die Covid-19 Puntspersoon.
- **Indirekte kontak of lae risiko kontak:** 'n Masker is oor die mond en neus gedra, 'n sosiale afstand van 1 m is gehandhaaf en daar was geen direkte aanraking met 'n COVID-19 positiewe persoon nie

4.2. Protokol

- Leerders wat in direkte kontak met 'n COVID-19 positiewe persoon was, **moet vir 10 dae in self-isolasie gaan** (let op na verkorting van isolasie) ná die laaste direkte kontak met die persoon.
- Indien jy in direkte kontak was met 'n persoon wat COVID-19 simptome toon, maar nog wag vir die uitslag van die toets, moet jy ook in self-isolasie gaan totdat die persoon se uitslae bekend is. Indien die uitslag wel negatief is, kan jy terugkeer skool toe.

- Indien jy simptome toon, moet jy/jou ouers/voogde jou laat toets en die skool dringend inlig in verband met die uitslae.
- 'n Siek leerder moet tuis, in isolasie bly. Leerders mag terugkeer skool toe wanneer hulle deur 'n mediese dokter gesond verklaar is of nadat daar isolasieperiode voltooi is.
- Indien leerders wat direkte kontak gehad het, geen simptome binne 10 dae getoon het nie, kan hulle terugkeer skool toe (let op na verkorting van isolasie).
- Alle personeellede en leerders moet daagliks 'n siftingsproses voltooi voordat hul die terrein mag betree. Hierdie siftingsproses word gebaseer op die huidige NICD[1]-saakdefinisie van COVID-19 (insluitend koors, hoes, keelseer, asemhalingsprobleme).

Indien 'n leerder siek lyk, simptome toon of in kontak was met iemand wat Covid-19 onder lede het

- As dit voorkom dat 'n leerder simptome toon wat met Covid-19 geassosieer word, en hierdie simptome word reeds by die skoolhek opgemerk, mag die leerder nie die skoolterrein betree nie. Dit is ook moontlik dat 'n leerder eers hierdie simptome deur die loop van die dag begin ontwikkel en in beide gevalle is personeel verplig om die SOP se leiding te volg. Die leerder se ouers sal onmiddellik in kennis gestel word en die leerder isoleer van ander leerders en personeellede totdat 'n gesondheidspraktisyn 'n assesseringsverslag van die leerder kan voorsien. As die leerder nie 'n masker besit nie moet daar een aan hom of haar voorsien word.

5. MOONTLIKE VOORBEELDE

5.1. Moontlikheid 1 : Moontlike/beweerde COVID-19 geval

(personeellid of leerder lyk siek of toon simptome wat verenigbaar is met COVID-19)

5.1.1. **As 'n personeellid simptome toon wat met COVID-19 geassosieer word, moet hulle:**

a) Weg bly van die werk af en die skoolhoof so spoedig moontlik in kennis stel;
b) Gaan vir 'n mediese ondersoek;
c) Laat toets vir SARS-CoV-2 op grond van die huidige toetsriglyne;
d) Die inligting wat verskaf is rondom isolasie-riglyne volg;
e) Terugkeer werk toe tien (10) dae nadat hul positief getoets het en geen koors of ander simptome meer toon nie;
f) Aansoek doen vir siekverlof.

5.1.2. **As 'n leerder simptome toon wat met COVID-19 geassosieer word:**

[1] Nasionale Instituut vir Oordraagbare siektes.

Tuis:

a) Mag hulle nie skool toe kom nie en die ouer/voog moet onmiddellik sy/haar klasonderwyser in kennis stel waar die onderwyser dit dadelik onder een van die dagbestuurlede se aandag sal bring.

By die skool:

a) Indien 'n leerder tydens skoolure COVID-19 simptome begin toon, moet die klasonderwyser of enige ander personeellid wat kennis dra van die leerder se simptome, die die dagbestuurlede onmiddellik in kennis stel. Die sal in kennis ouers gestel word sodat die leerder by die skool afgehaal kan word.

Die onderwyser/die skoolhoof/COVID-19-puntspersoon moet:

b) Sorg dat die leerder 'n masker of 'n toepaslike gesigbedekking dra;
c) Die leerder in die siekeboeg of die aangewese isolasiegebied isoleer;
d) Evalueer of die leerder in staat is om huis toe te gaan, of aanbeveel dat die ouer hul kind na 'n gesondheidsorgfasiliteit neem;
e) Die ouers/voogde/versorgers onmiddellik in kennis stel dat die leerder ongesteld is en versoek om die leerder dadelik te kom afhaal;
f) Die ouer/voog/versorger in kennis stel indien die leerder na 'n gesondheidsorgfasiliteit geneem moet word;
g) Aan die ouer/voog/versorger inligting verskaf rondom optredes, en wie hul moet kontak indien die simptome vererger; en
h) Die leerder in kennis stel om voort te gaan om hul simptome tydens isolasie te monitor, en dat indien hulle sou positief toets, tien (10) dae na afloop van die positiewe toets kan terugkeer skool toe indien hul geen COVID-19 simptome toon nie.

5.1.3. **Algemeen:**

In beide bovermelde scenario's sal die skoolverpleegster of die naaste geskikte gesondheidsfasiliteit in kennis gestel moet word asook die NICD se COVID-19 lyn by 0800 029 999. Sodra die saak gerapporteer is sal verdere instruksies volg.

5.2. **<u>Moontlikheid 2 : Bevestigde COVID-19</u>**

(Personeellid of leerder toets positief vir COVID-19 met of sonder simptome)

a) Die skoolhoof moet alle bevestigde COVID-19 gevalle onmiddellik aanmeld by die departement van onderwys deur die skool se kringbestuurder te kontak en die ISHT

(Geïntegreerde span vir skoolgesondheid), asook alle inligting verskaf rakende die saak wat in die saakondersoekvorm (SOP aanhangsel) vervat is.

b) As 'n personeellid positief toets, moet hulle aansoek doen vir siekverlof.

c) Die COVID-19-puntspersoon sal die saak met die ISHT (Geïntegreerde span vir skoolgesondheid) en COVID-19 reaksiespan opneem.

d) Personeel en/of leerders wat in direkte kontak met 'n positiewe geval was moet in kennis gestel word om vir 'n tydperk van 10 dae in kwarantyn te gaan.

e) Persone met 'n bevestigde COVID-19-diagnose kan na tien (10) dae vanaf die dag waarop hul simptome begin toon het of positief getoets het, isolasievoorsorgmaatreëls stop en terugkeer skool toe indien hulle geen simptome meer toon nie. Alternatiewelik, indien hul gehospitaliseer word vir die behandeling van COVID-19, kan hulle na ten minste agt (8) dae vanaf ontslag toegelaat word om terug te keer skool toe. Dit is nie nodig om eers weer te toets vir COVID-19 of om 'n dokters brief in te handig om toestand te bevestig nie.

f) Slegs die Provinsiale Onderwyshoof of die gedelegeerde amptenaar (bv. Distrik Direkteur, indien afgevaardig), kan op advies van die Onderwyshoof die sluiting van 'n klas of gedeelte van 'n skool goedkeur.

g) Deeglike ontsmetting van die omgewing, area/klaskamer, waar die positiewe geval betrokke was, moet gedoen word.

5.3. **<u>Moontlikheid 3: Groepsgevalle van bevestigde COVID-19</u>**

3 of meer individue (personeel of leerders) wat bevestigde of vermoedelik positiewe gevalle is, wat binne sewe dae, in dieselfde direkte kontak was, vriendskapsgroep of tussen individue wat in dieselfde omgewing gewerk het en in direkte kontak was.

a) Positiewe groepsgevalle kan dui op moontlike risiko's in die skool se voorkomende maatreëls en strategiese beplanning vir die voorkoming van die oordrag van die virus binne skool verband.

b) Vroeë identifisering en remediërende stappe kan moontlike verdere oordragte voorkom en implimentering van voorkomende maatreëls verbeter.

c) Die skoolhoof moet as die COVID-19-puntspersoon alle groepsgevalle onmiddellik by die kringbestuurder en ISHT (Geïntegreerde span vir skoolgesondheid) aanmeld.

d) Moontlike of bevestigde gevalle sal volgens moontlike gevalle 1 en 2 bestuur word.

e) Die Provinsiale Onderwyshoof en ISHT (Geïntegreerde span vir skoolgesondheid) sal 'n assessering doen om die moontlike risiko's te bepaal in die voorkomende maatreëls van die skool, asook toesien dat protokol gehandhaaf word in terme van toepaslike aksies.

f) Die skoolhoof en die SBST (Skool gebaseerde ondersteuningspan), is verantwoordelik vir die implementering van die aanbevelings soos deurgegee deur die Provinsiale Onderwyshoof.

5.4. **Moontlikheid 4: Sekondêre kontak – lae risiko**

Personeellid of leerder is blootgestel aan 'n individu wat vermoedelik COVID-19 het (simptome verenigbaar met COVID-19, maar is nie getoets nie of wag nog op toetsuitslae) of kontak gehad het met 'n persoon, waar die persoon op sy/haar beurt met 'n bevestigde positiewe COVID-19 geval in kontak was (sekondêre kontak).

a) Geen beperkings of spesiale beheermaatreëls word vereis nie.
b) Handhaaf COVID-19 verwante nie-farmaseutiese intervensies en siftingsproses vir simptome.
c) As die persoon siek lyk of simptome toon wat verenigbaar is met COVID-19 sal die geval bestuur word soos voorgeskryf in Moontlikheid 1.
d) Daar is geen stappe wat die skool moet neem alvorens die toetsuitslae van 'n moontlike positiewe geval bekend gemaak is nie. (indien daar getoets is).

5.5. **Moontlikheid 5: Kontak**

Personeellid of leerder was blootgestel aan 'n positiewe COVID-19 geval (binne/buite skoolure) gedurende die infeksietydperk[2], ongeag of dit 'n direkte kontak of indirekte kontak is.

a) Die skoolhoof moet, as COVID-19 puntspersoon, gevalle by die kringbestuurder en ISHT (Geïntegreerde span vir skoolgesondheid) aanmeld wanneer 'n personeellid/leerder(s) blootgestel was aan 'n positiewe COVID-19 persoon.
b) Die skoolhoof en ISHT (Geïntegreerde span vir skoolgesondheid) sal die saak beoordeel en besluit oor die aksies wat geneem moet word.
c) Personeellede en/of leerders in direkte kontak met 'n positiewe COVID-19 geval, gedurende die infeksietydperk, moet in kennis gestel word om vir 'n periode van tien (10) dae in kwarantyn te gaan en voortdurend hul simptome te monitor. Hulle moet nie skool bywoon/werk toe kom nie.
d) Die Provinsiale Onderwyshoof sal help met die bepaling van die tydperk van infektiwiteit en die identifisering van direkte/noue kontakpersone. Advies sal verskaf word rondom verdere aksies of voorsorgmaatreëls wat getref moet word.
e) Indien die personeellid of leerder wat 'n direkte/noue kontak is, enige COVID-19 simptome toon tydens die tydperk in kwarantyn, moet die ISHT (Geïntegreerde span vir skoolgesondheid) onmiddellik in kennis gestel word sodat die

[2] Infeksieperiode is die 10 dae periode vanaf 'n COVID-19 positiewe persoon begin simptome toon of positief getoets het vir COVID-19.

voorgeskrewe prosedures gevolg kan word vir die opsporing van moontlike verdere gevalle en mediese bystand moet verleen word rondom verdere assessering en/of toetsing.

f) Personeellede moet aansoek doen vir spesiale verlof as hulle verplig word om in kwarantyn te wees.

g) Alle informele/nie-direkte kontakte moet voortgaan om skool toe te gaan of werk toe te kom.

h) Toetsing van direkte/naby kontakte van 'n individu met bevestigde COVID-19 moet gebaseer wees op die huidige NICD-riglyne.

6. STAPPE

Die volgende stappe moet gevolg word wanneer personeel, leerders of besoekers positief toets, of in aanraking was met iemand wat positief getoets het.

LEERDERS

6.1. Bevestigde COVID-19 van 'n leerder:

6.1.1. Die skoolhoof moet onmiddellik die bevestigde geval by die kringbestuurder/ distrik direkteur aanmeld, asook bevestig:

a) Wanneer die leerder die laaste keer by die skool was;

b) Met wie die leerder in direkte aanraking was;

c)Met wie die leerder in noue aanraking was.

6.1.2. Die skoolhoof en distriksamptenare sal die geval assesseer en die distriksamptenare sal die stappe wat gevolg moet word bevestig aan die skool.

6.1.3. Die Departement van Gesondheid is verantwoordelik vir die identifisering van mense met wie die leerder in aanraking was en sal die NWOD adviseer oor enige verdere stappe wat geneem moet word of voorsorgmaatreëls wat getref moet word.

6.1.4. In die meeste gevalle sal dit nie nodig wees om die skool weens streng sanitasieprosedures te sluit nie.

6.1.5. NEEM KENNIS dat slegs die Provinsiale Onderwyshoof kan besluit oor die sluiting van 'n opvoedkundige instansie. Die Provinsiale Onderwyshoof sal deur die distrik ingelig word en sal optree volgens die aanbevelings van die Departement van Gesondheid.

6.2. Blootstelling aan 'n moontlike COVID-19 geval

6.2.1. As 'n leerder in direkte of terloopse aanraking met 'n moontlike geval was, is geen beperkings of spesiale beheermaatreëls nodig terwyl daar gewag word op

laboratorium uitslae vir COVID-19 bevestiging nie (Sien MOONTLIKHEID 4: sekondêre kontak – lae risiko as voorbeeld).

6.2.2. Dit is nie nodig om die skool te sluit of ander leerders of personeel huis toe te stuur nie. Die skool moet voortgaan om aan alle COVID-19 vereistes te voldoen.

6.2.3. Personeellede hoef geen stappe te neem voordat die uitkoms van die toetsuitslae bekend is nie.

6.3. **Blootstelling aan 'n bevestigde geval van COVID-19**

6.3.1. Enigiemand wat in direkte kontak met 'n bevestigde geval van COVID-19 was, moet geïdentifiseer word om vir 10 (tien) te isoleer vanaf die datum van blootstelling om vir simptome te monitor. Die leerder mag nie skool bywoon nie.

6.3.2. Indien die leerder wat in direkte kontak was enige simptome toon terwyl hulle by die huis is, kan die Noordwes Regering of die Nasionale Instituut vir Oordraagbare Siektes se kitslyn-nommers geskakel word vir mediese hulp en verdere toetsing en die skool onverwyld die uitslae rapporteer.

6.3.3. Leerders wat nie in direkte kontak van 'n bevestigde geval was nie, moet skool bywoon.

6.3.4. Leerders wat in aanraking was met 'n bevestigde geval wat reeds gesond is, moet skool bywoon, d.w.s. die persoon wat Covid-19 gehad het, het reeds die 10 dae isolasie tydperk deur gegaan en het geen koors nie.

PERSONEEL

6.4. **Bevestigde COVID-19 van 'n personeellid:**

6.4.1. Die personeellid wat positief toets, moet om siekverlof aansoek doen en tuisbly.

6.4.2. Alle personeellede en leerders wat in direkte kontak was met 'n persoon wat positief getoets het, moet onmiddellik in kennis gestel word en vir 'n periode van 10 dae sedert die laaste aanraking met daardie positiewe persoon, in self-isolasie gaan. Gevalle van indirekte kontak, woon steeds skool by.

6.4.3. Alle personeellede wat in isolasie is, moet om spesiale verlof aansoek doen.

6.4.4. Daar moet 'n lys van sodanige personeellede gehou word en daardie lys moet by die betrokke distrikskantoor ingedien word.

6.4.5. Die distrikskantoor moet skriftelike bewyse hou en dit by Hoofkantoor se Menslikehulpbronne-afdeling indien.

6.4.6. Die reiniging/ontsmetting van die besmette gebied moet uitgevoer word soos voorgeskryf en in ooreenstemming met die skool se COVID-19 beleid.

6.4.7. Die welstand van die personeellid moet telefonies gemonitor word deur met die persoon kontak te behou op gereelde basis.

6.5. **Blootstelling aan 'n bevestigde geval van COVID-19**

6.5.1. Alle personeellede wat in direkte kontak was met die persoon wat positief getoets het, moet tuisbly in self-isolasie gaan vir 'n maksimum periode van 10 dae vanaf die laaste aanraking. Die personeellid moet hom-/haarself laat toets 5dae na blootstelling en indien die uitslag negatief is, kan hy/sy terugkom skool toe (let op na verkorting van isolasie).

6.5.2. Personeellede wat hulself moet afsonder, moet om spesiale verlof aansoek doen en kan terugkeer sodra hul uitslag negatief is.

6.5.3. Die skoolhoof moet toesien dat die werk areas van personeellede in afsondering deeglik saniteer word.

6.5.4. Daar moet in kontak gebly word met sodanige personeellid om sy/haar status te monitor en te evalueer.

6.5.5. Die name van die personeellede wat in self-isolasie is moet aangeteken word by die skool en 'n afskrif moet by die distrikskantoor ingedien word.

7. BESLUIT TOT SLUITING VAN SKOOL & RELEVANTE PROSEDURES

7.1. Wanneer sal die skool gesluit word?

7.1.1. Die bestuur of die beheerliggaam van die skool **het nie** die gesag om die skool te sluit indien daar 'n COVID19-uitbraak is nie en dit is die verantwoordelikheid van die Departement van Gesondheid en die NWOD om daardie besluit te neem.

7.1.2. In geval daar 'n persoon by die skool was wat positief vir COVID-19 getoets het, sal die skool genoodsaak wees om sekere dele van die skool te ontsmet/dekontamineer.

7.1.3. Daardie gedeeltes van die skool sal tydelik afgebaken word, tot dekontaminasie afgehandel is. Indien die areas van aanraking te veel is, kan dit dalk moontlik wees om die skool tydelik te sluit in oorleg met die Departement van onderwys, om seker te maak dat dekontaminasie plaasvind.

7.1.4. Die skoolbestuur sal duidelik kommunikeer met die personeel en ouers, deur middel van Whatsapp en D6 Connect, wat die tydperk en reëlings van die sluiting is.

7.2. **Akademie gedurende die tydperk wat die skool gesluit is**

Indien die skool tydelik gesluit word, sal die akademiese program deur middel van die *'n elektroniese* platform voortgaan. Die skool gee toegang tot data deur die skool se "WIFI" oop te stel vir ouers en die skool voorsien ook materiaal (afgerolde werk) sodat akademie kan voortgaan.

7.3. **Hantering van akademiese personeel tydens sluiting**

Die akademiese personeel is ingerig om van die huis af te werk. Waar moontlik, is alle onderwysers met 'n skootrekenaars toegerus en sal deur middel van die *Google Classroom / D6 Connect en die Whatsapp* platform (afstandonderrig) aanhou met hul akademiese program, tot die skool weer heropen.

7.4. **Hantering van administratiewe- en finansiële personeel**

Alle administratiewe en finansiële personeel is, waar moontlik, toegerus met 'n skootrekenaar en moet gedurende die tydperk wat die skool gesluit is, van die huis af werk. Indien daar 'n rede is dat een van hierdie personeellede die skoolterrein moet betree (bv. laai van salarisse), moet die skoolhoof vooraf die nodige toestemming gee.

7.5. **Hantering van Terreinpersoneel**

7.5.1. Die terreinpersoneel is verantwoordelik daarvoor om die dekontaminasie by die skool te doen.

7.5.2. Dekontaminasie word volgens streng riglyne gedoen en die personeel is reeds voorsien van die nodige persoonlike beskermingstoerusting om hul veilig te hou gedurende die skoonmaakproses. Indien die skool tydelik gesluit word mag net die terreinpersoneel, op die skoolterrein wees.

7.5.3. Terreinpersoneellede wat van openbare vervoer gebruik maak, moet gedurende die sluiting van die skool by die huis bly tot die skool gereed is om oop te maak.

7.6. **Dag-tot-dag bestuur van die skool**

7.6.1. Die dag-tot-dag bestuur van die skool word deur die hoof, sy bestuurspan in oorleg met die beheerliggaam hanteer.

7.6.2. Die nodige kommunikasiekanale om met personeel, ouers en leerders te kommunikeer is in plek en die verskeie skool WhatsApp-groepe en D6 Connect sal gebruik word om belangrike inligting deur te gee.

7.6.3. Elektroniese vergaderings vind op geskeduleerde datums plaas om ter saaklike besluite te neem.

8. TERUGKEER NA WERK

Indien 'n persoon reeds sy 10 dae geïsoleer het, maar hy/sy het enige simptome moet hy 'n dokter gaan raadpleeg voor hy kan terugkeer werk toe.[3]

9. PERSONEELLID OF LEERDER WAT INGEËNT IS

Personeel / leerders wat 'n inenting ontvang het kan simptome as gevolg van die ent ontwikkel maar die personeellid het nie nodig om te isoleer nie. Afhangende van die graad en ernstigheid van die simptome kan dit simptomaties hanteer word.[4]

10. VERKORTING VAN ISOLASIE TYDPERK

Leerders en personeel wat 'n direkte kontak was moet:

10.1. 10 (tien) dae isoleer.

Of

10.2. 'n Toets laat doen na dag 5 en indien die toets negatief is en geen simptome betrokke is nie mag die persoon terug keer skool toe, daar moet egter op gelet word om:

- Simptome en die ontwikkeling dop hou tot 14 (veertien) dae na blootstelling.
- As simptome ontwikkel, isoleer onmiddellik en kontak u plaaslike Owerheid vir gesondheidsorg of gesondheidsorgverskaffer en gaan vir 'n toets.
- Dra 'n masker, bly minstens 1 meter van ander af, was hande, vermy skares en neem alle moontlike stappe om die verspreiding van COVID-19 te voorkom.[5]

11. LAERSKOOL BRITS COVID-19 GESONDHEID - & VEILIGHEIDSBEAMPTES:

Die skool – en terreinbestuur is 'n gesamentlike en gedelegeerde taak van elke lid van die skoolbestuurspan. Elke onderwysers speel 'n oorkoepelende rol in die taak en daar word van elke persoon betrokke by Laerskool Brits verwag om enige onreëlmatighede aan die hoof of bestuurspan te rapporteer.

GEPUBLISEER : (DATUM)

LET WEL: Hierdie is riglyne wat saamgestel is uit navorsing wat tans van krag is. Dit is daargestel met die doel om 'n veilige omgewing vir personeel en leerders te skep. Daar is tans talle navorsing wat plaas vind en die data en inligting verander gereeld. Soos die

[3] The National Institute for Communicable Diseases , 2020 en Department of Basic Education, 2020

[4] Centre for Disease Control and Prevention, 2021

[5] Centre for Disease Control and Prevention, 2021

wetgewing en vereistes verander en die moontlike verspreiding van die virus mag vererger/verbeter, sal die kontrolelys dienooreenkomstig aangepas, bygewerk en toegepas word.

12. VERWYSINGS

12.1. Centre for Disease Control and Prevention. (2021, March 12). *When to Quarantine*. Herwin van h*ttps://www.cdc.gov/coronavirus/2019-ncov/if-you-are-sick/quarantine.html*

12.2. Department of Basic Education. (2020). *STANDARD OPERATING PROCEDURE FOR THE MANAGEMENT AND CONTAINMENT OF COVID-19 FOR SCHOOLS AND SCHOOL COMMUNITIES (September 2020).* Herwin van *https://www.education.gov.za/Portals/0/Documents/Recovery%20plan%20page/Links%20for%20schools/dbe-standard-operating-procedure-for-covid-19.pdf?ver=2020-06-15-091455-587*

12.3. Department of Health. (2021). *Frequently Asked Questions - COVID 19*. Herwin van Department Of Health: *http://www.health.gov.za/covid19/faq/covid19.html*

12.4. The National Institute for Communicable Diseases (2020). *COVID-19 AND RETURNING TO WORK FREQUENTLY ASKED QUESTIONS*. Herwin van *https://www.nicd.ac.za/covid-19-and-returning-back-to-work-frequently-asked-questions/*

B Fourie
Voorsitter

W Krüger
Skoolhoof

Datum: 27 Sept 2021